

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**8 MAART 2026**

## Romeine 5:1-11

Paulus skryf 'n digte teologiese meditasie oor ons regverdigmaking deur die geloof in Christus. Die Christen leef uit genade.

**Moment 1**
Gebruik Psalm 95:1-7 om voor die Here stil te raak en julle in te stel om God se stem te hoor. Gesels in die groep oor die betekenis wat Lydenstyd vir Christene inhou en waarop ons in hierdie tyd geroep word om te fokus.
Lees nou ons fokusteks: Romeine 5:1-11

**Moment 2**
Ons is nou geregverdig op grond van geloof
Paulus het in die voorafgaande hoofstukke op God se geregtigheid en die sonde van die mensdom gefokus. In hoofstuk 5 besin hy oor die wese en betekenis van Christen-gelowiges se bestaan in die wêreld. Vers 1-5 verklaar dat ons, soos die Romeine, deur Christus voor God geregverdig is.
Gesels met mekaar oor die betekenis van hierdie regverdiging wat ons deur Christus verkry het.
Hy brei daarop uit. In vers 6-11 verhelder Paulus die betekenis van Christus se dood vir ons lewe. In beide gedeeltes stel Paulus dat regverdigmaking genade en hoop vir hierdie lewe beteken, asook dat regverdigmaking ons toekomstige verlossing insluit. Dit is wat versoening behels.
Dink julle daar word soms te veel op een aspek ten koste van die ander aspek van verlossing klem geplaas? Na watter kant fouteer ons dikwels? En hoekom?

**Moment 3**
God omsluit ons hede, verlede en toekoms
Paulus vestig ons aandag op geloof wat alles belyn met wat God aanbied en van ons verlang (v 1). Deur ons Here Jesus Christus is ons geregverdig, het ons vrede by God en toegang tot die genade (v 2). Paulus beskryf genade as vaste grond. Ons staan daarin vas (2020-vertaling). God se goedheid strek verder as hier en nou. Daar is ook hoop wat ons op die toekoms rig. Hoop is vir Paulus nie die uitdrukking van dalk nie, maar van die werklike lewe van verdrukking en volharding (v 3). Hoe help Paulus se uiteensetting jou om geloofsgetrou te lewe en vooruit te beweeg?

**Moment 4**
God se handelinge toe ons nog sondaars was
Die opskrif van moment 3 herinner aan God wat elke tydvak omsluit. Nadat Paulus in vers 1-5 lig op die hede en toekoms laat skyn het, herinner hy ons in vers 6 aan die verlede; wie/hoe ons was en wat God in Christus gedoen het. Paulus skryf ons was magteloos (2020-vertaling). Dit beteken ons was swak en sondig. Juis in daardie menslike toestand het Christus op die regte tyd vir goddeloses gesterf. Voel jy die spanning in vers 8 aan? God het sy liefde bewys toe ons nog sondaars was. Dank God vir die oordeel waarvan Hy jou gered het, deur die bloed van Christus.




**Moment 5**

Christus het gesterf en ons met God versoen

Lydenstyd neem ons deur die tydsdimensies van God se genade om ons te herinner aan Christus se lyding vir goddeloses en sy bloed wat ons sonde afwas.

In geloof kon ons God se genade deur Christus se dood omhels. Nou en vir ewig is ons met God versoen, die gebroke verhouding is herstel. Paulus verseker my en jou dat óns ook ons roem in God vind. Naas die roem op die hoop en die verdrukking, roem ons ook op God wat ons met Hom versoen het. Skryf ’n lydensgebed vir God waarin jy jou op God se versoening in Christus beroem.

**Moment 6**

**Afsluiting**

Sluit af deur geleentheid te bied dat hulle wat wil, hulle lydensgebede kan bid. Kuier dan heerlik saam en geniet mekaar se teenwoordigheid.